

12 Mei

Skrifgedeelte: 1 Petrus 2:11-17  
Fokusgedeelte: 1 Petrus 2:11a

### Vreemdelinge en bywoners

As dit met die mens op aarde goed gaan en as jy voorspoedig en gesond is, is dit baie keer 'n vreemde gedagte dat jou lewe op aarde tot 'n einde sal en moet kom. Die dood is elke mens se voorland. Die psalmdigter vra mos (Ps 89:17 – berym): “Wie leef daar wat die dood nie eenmaal sal aanskou nie?”

As die apostel Petrus vir die kerk in verstrooiing 'n brief skryf en hy wéét dat hulle swaar kry, bemoedig hy hulle deur – ja, daardeur dat die dood “ieder uur wink” (Ps 89). Die dood is immers nie die einde nie, maar die begin van 'n nuwe en volmaakte lewe by God. Dat ek en jy moet sterf is dus eintlik 'n groot genade. Nog groter word die genade as jy besef dat jy op hierdie aarde maar slegs “'n vreemdeling en bywoner” is (vs 11).

Die tydelikheid van jou aardse bestaan moet egter juis daardie heerlike begeerte in jou wek om vir Gód te lewe (kyk ook 1 Pet 1:17). Lewensheiliging is die leuse en dit is daardie drang om vanuit God se genade te leef. Sodoende word jy, ongeag jou vreemdelingskap op aarde, 'n voorbeeld vir ander om hulle ook tot God te bekeer. Daarom sal God se kinders hulle waardig ooreenkomstig die evangelie gedra (vs 12-15).

Gaan leef dus vandag voluit en dank God vir die heerlike belofte van saligheid. Moenie bang wees vir die dood nie, maar leef só dat jy daardie heerlike sekerheid deur die evangelie sal beleef dat die dood 'n heerlike verlossing is en dat dit die begin gaan wees van 'n volmaakte lewe bý God!!!

*Sing: Psalm 89:17*

*Ds. NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)*